It is easier to get people of different backgrounds together on the sports field. It is therefore a responsibility of KovsieSport to help the UFS to continue to transform. Sport can be a useful vehicle for transformation at the UFS, says Mr James Letuka, Acting Director of KovsieSport.

Linked to this, is also the responsibility to broaden participation in sport, he said. "We should not only look at representative teams, but we should give every student the opportunity to participate in sport. We must get as many students as possible to take part in sport. It is our responsibility to make sport available to all students. On the sports field students get the opportunity to meet students of other backgrounds. Where else will they be able to do that?

"We will assist in the transformation process if we can achieve this," Mr Letuka said.

The UFS focuses on seven sports codes – namely rugby, soccer, athletics, cricket, hockey, tennis and netball – and would like to see a high-performance unit established in every one of these codes, Mr Letuka said.

While KovsieSport is working on the one side to play a major role in transformation of the campus, the official teams are also reaping the benefits of the training programmes under supervision of specialists.

In rugby the Shimlas are the South African Higher Education champions, and won the First National Bank Super Bowl Cup played at the University of Pretoria, where eight universities participated.

In tennis the UFS team is also the tertiary education champions.

In athletics the UFS team came back with many medals, and athletics at the UFS could also produce at athletes like Johan Cronje and Chris Dednam who participated at the Olympics in Athens in 2004.

The cricket season is still new, but the UFS is known for winning many championships at local and university level.

The challenge in hockey is to build an astro pitch, as the UFS is losing promising students to other universities due to a lack of adequate facilities.

Netball is also doing extremely well, bringing back the winning or runner-up trophies after every match. Four to six Kovsies are normally in the national team.

Mr Letuka said despite the fact that soccer is one of the new sports codes introduced at the UFS, three teams are playing at a high level, of which the ladies team just started to play in the Sanlam League. The male team in the Vodacom League has a good chance to be promoted to the PSL League. Another soccer team is playing in the SAFA Castle League, where it is also showing its strength.

"The ultimate objective is to have a UFS team in the PSL League," Mr Letuka said. "I feel we are good enough to play in that league."

Mr Letuka welcomed the announcement earlier this year that the soccer facilities at the UFS will be improved. "We need a place where we can play league games and the facilities will help the UFS to play a major role in the 2010 Soccer World Cup as practising ground for visiting teams.

"A soccer stadium will also enable the UFS and KovsieSport to establish a soccer academy that will service soccer

needs in South Africa. Soccer academies exist in South Africa, but are linked to a specific team. The one envisaged at the UFS will be independent. For this we need the support of SAFA, the South African Football Association," he said.

"Such an academy will produce good players, administrators, coaches, technical staff and referees – specially with regard to problems recently. Such an academy will probably be the first for the Free State and we will have to make sure that it is done correctly, with credible people to establish the programmes," Mr Letuka said.

"Soccer has a huge future at the UFS. The ideal is to make the UFS one of the best soccer playing universities in South Africa," he said.



Right: Some of the spectators at the Intervarsity in UFS Centenary scarves.

Below: The UFS soccer team won the Intervarsity against Potch 1-0 on a historic day on Shimla Park. It was the UFS's first soccer intervarsity against Potch and also the first occasion where the main soccer and rugby macthes were accorded equal status.



# Hulle heengaan laat 'n leemte

**Koos Steyn van der Watt (Judge)** is in September 2003 in die Siesta-aftreeoord in Bloemfontein dood nadat hy 'n paar jaar aan Alzheimer se siekte gely het

Hy was 'n inwoner van Huis Abraham Fischer en het sy B.A. Hons en LL.B aan die UV verwerf. Hy was 41 jaar prokureur op Odendaalsrus, waar hy 'n leidende rol op kerklike en kultuurgebied gespeel het. Hy was ook president van Vrystaatse Prokureursorde.

Drie van sy vyf kinders was ook oud-Kovsies: Louis is lektor op Stellenbosch, Dareelus 'n ginekoloog en Elsa 'n sielkundige in Johannesburg. Sy weduwee, mev. Elsa van der Watt, woon tans in Bloemfontein. Sy broers was dr. Louis van der Watt, voormalige Administrateur van die Vrystaat, en prof. Flip van der Watt van die Universiteit van Pretoria. Sy tweelingsuster is dr. Elsie de Beer, gewese adjunkhoof van die Oranje Meisieskool (Sekondêr) in Bloemfontein.

The university's condolences to the family of the following students who died this year:

**Mr L. Presley**, an ACE student, of 18342 Rathebe Street, Phase 2, Bloemanda, Bloemfontein;

**Mrs I.E. Phori**, a B.Ed. Hons student, of 1816 Makgotho Street, Batho Location, Bloemfontein, and

**Miss H. Müller**, a B.A. student, of P. O. Box 364, Reitz.

Condolences also to the family of **Mr S. Makelefane**, a LL.B. student, son of Mr and Mrs J. Makelefane of 24 Avenue East, Clocolan, who died early in October 2004.

**Mnr. Neels Wessels (53)** van die plaas Wolfkop, Bloemfontein, is vroeër hierdie jaar oorlede. Hy het geboer en is 'n oudstudent van die UV. Hy word oorleef deur sy vrou, Riana, dogters (Girla, Mia en Christa), 'n broer (dr. Louis Wessels van Bloemfontein), en 'n suster (mev. Elsie Nel van Douglas).

**Dr. Das Herbst** (67), stigter en hoof van die Departement Kommunikasiekunde aan die UV en bekende in joernalistieke kringe, is by Reebok aan die Suid-Kaapse kus aan limfkanker dood. Hy was by sy aftrede in 1995 hoof van kommunikasie van die Departement van Verdediging. In die sestigerjare was hy nuusredakteur van *Die Transvaler*. Hy laat sy vrou (Kristie), seun (Anrich) en dogter (Karleine Burger), asook twee kleinkinders agter.



**Mr Mphiwa Elliot Hewana** (Tatty) 34, passed away on 22 July 2004. He was born in Sharpeville and matriculated at Lekoa Shandu High School in Sharpeville. He graduated with a Higher Education Diploma (General) from the University of the Free State in 1996.

He was a student assistant at the Sasol UFS Library on level 5, and actively involved with organising the Fresher's Ball.

He was employed by NBS Bank, Nashua, and Panasonic during 2001 and 2002, and worked for SABC Radio Active as an accounts executive.

He is survived by his mother, Lydia Hewana, brother, Mongesi, fiancée, Dipuo Moeng (also an alumnus), and daughter Gaopalelwe, aged 3.

**Mnr. David Colyn** (52) van Petrusburg is in Junie vanjaar skielik oorlede.

Hy het in die distrik Indwe in die Oos-Kaap groot geword en daar gematrikuleer.

Hy het tot 1974 aan die UV studeer en 'n B.Com.-graad en 'n meestersgraad in Opvoedkunde behaal. Hy was 'n inwoner van Huis D.F. Malherbe.

Hy het tot 1991 aan die Hoër Handel- en Tegniese Skool in Bloemfontein skoolgehou en was ook adjunkhoof en was onder andere lank voorsitter van die Vrystaatse Atletiek-skeidsregtersvereniging en die Handelsvereniging.

Hy het sedert 2004 voltyds geboer. Hy word oorleef deur sy vrou, Riana, en seun, Dawie (12).

# 'Musiek is 'n internasionale taal'

"Musiek is nie gebonde aan kleur, godsdiens, politiek of tyd nie. Dit bou brûe. Dit reik uit na mense se harte en gevoelens. Almal verstaan die taal rondom musiek."

So het die Suid-Afrikaanse opera- en kamermusieksangeres, Mimi Coertse, in die 34ste C.R. Swart-gedenklesing van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gesê. Die tema van haar lesing was *Musiek as internasionale taal*.

Me. Coertse het gesê daar is geen grense vir musiek nie. Anders as die gesproke woord in drama, is musiek verstaanbaar vir almal. Daar is geen grense in klassieke musiek – en veral in opera – nie. Ontwikkelde volke het die Eurosentiese kunsvorm aangeneem as deel van hul eie kultuur. Voorbeelde hiervan is China, Korea en Japan waar klassieke musiek deel uitmaak van hierdie lande se nasionale kultuur, het sy gesê.

"Ongelukkig word klassieke musiek en opera in baie gevalle – selfs hier in ons eie land as Eurosentries gesien, maar dit is vir seker nie so nie. As 'n mens eers begin analiseer, sien 'n mens ons eie land se swart kore wat spesifiek opera sing vir koorkompetisies. Dié koorkompetisies het 'n reuse-bedryf geword. Die kore verkies om hierdie musiek te sing."

Me. Coertse het gesê musiek bring vreugde, genot, ontspanning, genesing. Dit klim tot in die binneste van mense se harte. Iemand kan nie met musiek gevloek of geskel word nie. Musiek is ook sensueel, emosioneel en baie geestelik. God is die skrywer, die mens net die speler.



Mimi Coertse met haar gedenklesing hier by van links: Proff. Frederick Fourie, Rektor, Gerhardt de Klerk, Dekaan: Geesteswetenskappe, en Daan Wessels, Organiseerder van die C.R. Swart-gedenklesing.

# Land Bank and faculty join hands



Work together. Here are from the left: Mr Keith Cloves, Area Manager: Land Bank, Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, Ms Thandi Mbabama, Regional Manager: Land Bank, and Mr Tiyani Mongwe from Land Bank's Head Office in Pretoria.

The Faculty of Natural and Agricultural Sciences and the Land Bank joined hands to establish a chair in Agriculture in future.

Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the faculty, identified the need for an initiative that will address agricultural development in an integrated manner by optimising the intellectual resources within the faculty and enhancing the faculty's ability to respond effectively to challenges and opportunities in South Africa.


Mr Tiyani Mongwe of the Land Bank's Head Office in Pretoria committed R250 000 to the UFS. This is the first gesture of the Land Bank's commitment over a period of three years. Prof. van Schalkwyk said that the faculty will use the money to research the field in which the chair will be established.

Mr Mongwe said that the Land Bank would like to see research projects driven by professors as well as students. "The whole agricultural sector in its totality must be involved," he said.

At an occasion where the Land Bank handed the cheque to the UFS, the bank also announced that it will make available a bursary to a top achieving, financially disadvantaged, female student in agriculture with effect from January 2004. Land Bank already finances eight students from the Free State.

# Basie Verster president van ICEC

Prof. Basie Verster (Hoof van die Departement Bourekeningkunde en Konstruksiebestuur aan die UV) het vanjaar die eerste Suid-Afrikaner geword wat verkies is tot president van die International Cost Engineering Council (ICEC). Hy is ook 'n leiersfiguur in die bourekenkunde-professie in Afrika en geniet erkenning op hoë vlak in die buiteland. Prof. Verster is betrokke by talle professionele komitees en verenigings in Suid-Afrika en oorsee. Hy was vir die afgelope twee jaar visepresident van die ICEC en sy termyn as president van die ICEC strek oor twee jaar. Die ICEC is 'n wêreldorganisasie wat in 1976 gestig om die samewerking tussen nasionale en multinasionale bourekenaars, koste-ingenieurs en projekbestuursorganisasies te bewerkstellig. Lidorganisasies in 40 lande behoort aan die ICEC.



Prof. Basie Verster

# Moenie biomediese navorsing net van die tafel vee



Prof. Hennie Oosthuizen

Prof. Hennie Oosthuizen het in Julie vanjaar sy intreerede gelewer oor die regs- en etiese aspekte van stamselnavorsing en menslike kloning, en gesê die probleem wat tans met 'n tekort aan menslike organe vir oorplantingsdoeleindes ervaar word, kan effektief met die hulp van terapeutiese kloning aangespreek word deurdat 'n persoon se eie selle gebruik kan word om 'n orgaan vir hom of haar te kweek.

Dit kan egter as kontroversieel beskou word aangesien 'n menslike embrio om selfsugtige redes geskep word en dan na gebruik daarvan vernietig word. Die proses word dus te na aan reproduktiwe kloning gesien. Streng kontrolemaatreëls moet in plek wees om te verseker dat reproduktiewe kloning nie sal plaasvind nie.

Hy sê daar word dikwels aangevoer dat primêre gesondheidsorg in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika die eerste prioriteit moet wees. Fondse moet dus nie vir die uitvoering van sodanige duur navorsing beskikbaar gestel word nie.

Dit sal egter fataal vir regsgeleerdes en wetenskaplikes in Suid-Afrika wees om die voordele wat nuwe biomediese ontwikkelling deur navorsing vir ons land kan inhou, net bloot te ignoreer en van die tafel te vee, het hy gesê.

Dit is daarom van groot belang dat die nodige fondse beskikbaar gestel moet word om navorsing aangaande embrioniese stamselle te doen en sodoende baie lewens te spaar deur die sel van 'n persoon te gebruik om 'n spesifieke orgaan vir hom of haar te kweek en om terselftertyd ook die verwerping by die oorplanting daarvan uit te skakel. Dieselfde geld vir navorsing oor kloning wat 'n definitiewe oplossing vir infertiele ouerpare bied. Dit is van netsoveel belang dat regsgeleerdes bybly by ontwikkelinge op die geneeskundige gebied, het hy gesê.

# Qwaqwa student visits Israel



Mr Sibusiso Mtshali

Earlier this year Mr Sibusiso Mtshali, a parasitology student from the UFS Qwaqwa Campus, visited the Parasitology Division of the Kimron Veterinary Institute in Bet Dagan, Israel, under the auspices of a cooperative research programme entitled *Cell culture – derived vaccine for bovine anaplosmosis.* He had an opportunity to meet scientists from different fields of parasitology, namely animal disease diagnostics, molecular biology, helminthology, serology and tick studies. He also had an opportunity to work with Drs Katherine M. Kocan, Edmour F. Blouin (Oklahoma State University) and Varda Shkap (Kimron Veterinary Institute). Sibusiso travelled to the US in July this year.

# Ou Mutual gee weer vir onderwysersopleiding

*Science for the future*, 'n onderwysersopleidingsprojek gedryf deur die Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning (NIOB) aan die Universiteit van die Vrystaat, het weer 'n welkome hupstoot van Ou Mutual gekry. 'n Tjek van R150 000 is vanjaar deur mnr. Faan Fourie, Streeksbestuurder van Ou Mutual in die Vrystaat, aan NIOB oorhandig.

Ou Mutual het 'n bedrag van R300 000 oor 'n tydperk van twee jaar bewillig. Hiervan is R150 000 in 2003 aan die projek bestee, terwyl die oorblywende bedrag in 2004 toegeken is.

Volgens mnr. Fourie belê Ou Mutual graag in opvoeding omdat kinders die leiers van môre en die fondament is waarop Suid-Afrika se toekoms gebou is. Dit is dus belangrik dat elke kind se potensiaal ontwikkel word.

"Ou Mutual is verbind tot die groei van sy werknemers, sy kliënte, sy aandeelhouers en Suid-Afrika. Mense moet geleenthede hê om hulself uit te leef, te groei en die wêreld waarin hulle leef te verbeter. Dit is deel van 'n groter gees in mense, en Ou Mutual belê graag in die koestering van daardie gees deur dit ruimte te gee om te groei. Die feit dat ons in hierdie tipe projekte belê, is vir ons 'n belegging in die passie van ons land se mense," sê mnr. Fourie.

Volgens prof. Jack van der Linde, Direkteur van NIOB, beskik sowat 22,4% van die land se onderwysers oor minder as drie jaar se opleiding. Van hierdie groep het 'n beduidende hoeveelheid slegs matriek of selfs nie eers dit nie. Hierdie onder- en




Ou Mutual gee geld vir onderwys: Me. Lorraine Botha van NIOB ontvang 'n tjek vir R150 000 van mnr. Faan Fourie, Streeksbestuurder van Ou Mutual in die Vrystaat.

ongekwalifiseerde onderwysers is oor alle skoolvlakke versprei en is steeds hoofsaaklik gekonsentreer in skole binne voorheen benadeelde gemeenskappe.

"Dit is 'n opvoedkundige realiteit dat daar 'n positiewe korrelasie tussen die gehalte van onderwys en die prestasie van leerders bestaan. Gehalte-onderwys berus op voldoende vak- en onderrigkennis. Dit is duidelik dat gehalte onderrig nodig is om gehalte skoolverlaters te produseer. NIOB fokus reeds die afgelope 20 jaar op opleidingsprogramme vir onderwysers. Die *Science for the Future*-projek, wat deur Ou Mutual ondersteun word, bestaan uit verskillende programme vir onderwysersopleiding in Uitkomsgebaseerde Onderrig, Skeinat, Wiskunde, Biologie, Rekenaargeletterdheid en 'n baie innoverende program genaamd *Family Maths and Family Science*, waar die huisgesin ook betrek word," sê prof. Van der Linde.

Me. Lorraine Botha en mnr. Cobus van Breda van NIOB dryf die projek.

# Vodacom provides massive support to UFS

Vodacom, pan-African cellular communications company and market leader in South Africa, has again been a loyal friend of the University of the Free State for the past year. In the year 2003/4, Vodacom has given a massive R222 735 in donations and sponsorships for various projects of the university.

For Rag 2003, Vodacom donated R30 000. This amount increased to R42 735 in 2004. A total amount of R10 000 was given in bursaries for students in Communications. A total of R15 000 was given to the Kovsie Open Day in 2003, and R25 000 was given for the same event this year. Vodacom even supported the Intervarsity last year by donating R10 000 for promotional items as well as a cash sponsorship. They are very involved with Kovsie FM and have invested R40 000 in shows, promotional items, prizes and give-aways for students. Finally, Vodacom is one of the main sponsors of the Matriculant of the Year competition. A total amount of R20 000 was given to this competition last year and the amount increased to R30 000 this year.

Ms Ilse Olivier, Development Manager, UFS, said: "Having a partner like Vodacom is imperative for the success of projects at the university. Without the support, financial and otherwise, of companies such as Vodacom, the university would be unable to play a meaningful role in the community and be involved in many projects that benefit students' education and improves the quality of life of the community they are involved in."

According to Ms Alda Fourie, Executive Head: Sales and Marketing for Vodacom Central Region, "Tertiary institutions like the University of the Free State are important centres of learning in South Africa and indeed Africa as a whole. Throughout history, those societies and cultures that protected and advanced such institutions always flourished and were prosperous. Vodacom hopes to continue to play a leading role in building the capacity of the University of the Free State."

# Gauteng businesses putt for

Freezing cold weather conditions and even light rain at times could not dampen the enthusiasm and overwhelming support of the 31 teams who participated in a prestige fund-raising golf day on 29 June 2004 at the Houghton Golf Club in Johannesburg.

The money raised at this event will go towards improving the health care of children in the Free State.

Annually thousands of children require specialised treatment for life-threatening diseases. Most of them are desperately ill and will, without doubt, die through a lack of facilities and staff to treat them. To help alleviate the crisis, the Department of Paediatrics and Health Care at the University of the Free State, in association with Dr Harold Serebro, has established the Harold and Gillian Serebro Academic Children's Fund.

In an urgent and determined drive to boost this fund, and to provide the necessary equipment needed to save the lives of these little children, the UFS – with the kind assistance and great input of Dr Serebro and his wife, Gillian – organised the golf day. It was attended by many influential individuals from the corporate and private sector both from Bloemfontein and Johannesburg.



Dr Harold Serebro and the UFS Rag Queen, Suegnet Karsten, drawing the names for the raffle draw.



Prof. André Venter thanking Mrs Gillian Serebro for opening her heart towards sick children.

Despite the less than ideal weather conditions, there was a vibrant atmosphere as teams battled it out on the golf course best known for hosting the Alfred Dunhill Cup. The University of the Free State was represented by a Bloemfontein campus team, lead by Dr Ezekiel Moraka, Vice-rector: Student Affairs, and a Johannesburg Corporate Liaison Office team, lead by Blou Willem Theron.

The winning team members from Bytes Technology Group each walked away with a cell phone, sponsored by Autopage Cellular. Thanks to the loyal and generous support from sponsors, every player who participated in the day received a prize. The players also enthusiastically supported the raffle and the lucky winner of a Samsung TV, sponsored by Autopage Cellular, was Mr C. Rotowsky.

The success of the Johannesburg golf day will be repeated in Bloemfontein, when a similar fund-raising golf day will take place in March 2005.

Prof. André Venter, Head of the Department of Paediatrics and Child Health Care, summed up his views of the golf day as follows: "As a confirmed 'non-golfer', I was astounded by the enthusiasm and goodwill of all the participants!

"This day was a triumph for health care in the Free State in general, and for child health in particular. We will always be indebted to the aspirations of Dr Serebro, and the team of the University of the Free State Liaison Office who helped to make his and our dreams come true. My thanks to Drs Bruwer and Brown who represented the Department of Paediatrics and Child Health Care, and to Dr Moraka and other representatives of the University for their support.

"My vision is that the Harold and Gillian Serebro Academic Children's

# health care in the Free State

Fund will grow to such an extent that we will be able to make a significant difference in the care of our children with special needs in central South Africa. With this golf day, we have taken the first step in the right direction. I am forever grateful to you all!"



The UFS Rector's team: Mr Marius van Vuuren, Mr A. Nyokong Mr H. Joubert and Dr E. Moraka.



Mr Blou Willem Theron, Mr Peet Serfontein, Mr Alwyn Vorster and Mr Klaus Kirchner represented the Johannesburg office of UFS Corporate Liaison.






Mr H. Joubert (Rector's team), was the winner of the raffle draw. With him is the Rag Queen, Suegnet Karsten



Mr C. Rotowsky (Waltons Stationery) won the surprise prize (Samsung TV), sponsored by Autopage Cellular. With him are Ms Juanita Barnard and Suegnet Karsten.

The winning team of the Bytes Technology Group, with Dr Harold Serebro, Suegnet Karsten and Mrs Juanita Barnard (far right), Communications Manager of Autopage Cellular.

# Kovsies in **London**




Zulus, waar die Kovsie-reünie gehou is.

Oud-Kovsies van oor die hele Verenigde Koninkryk het saamgetrek vir die derde en grootste oud-Kovsie-UKkasie wat nog in Londen gehou is. Sommige het twee en 'n half ure lank met die trein gependel, sommige moes 'n halfdag verlof insit en sommige het met hulle swart werkspakke opgedaag – maar niemand wou dié oud-Kovsiekuier mis nie!

Daar was selfs 'n hele paar Suid-Afrikaners wat met vakansie in Londen was wat die geleentheid bygewoon het.

Vanjaar het 130 oud-Kovsies die reünie bygewoon wat by Zulus in Leytonstone gehou is. Warm sonskynweer, die gewilde sanger Pieter Smit, 'n markiestent, gemaklike leerstoele, southappies en skuimdrankies het daartoe bygedra dat die reünie vir oud-Kovsies die hoogtepunt van die Ukkasie-kunstefees was.

Prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Beplanning, was die gasspreker by die geleentheid. Hy het die alumni laat skater met sy pittige staaltjies oor die kampus. Anli Bosman, 'n voormalige werknemer van UV-Bemarking, is as die nuwe Londense Alumni-takvoorsitter verkies.

Elke oud-Kovsie het ook 'n Kovsie-pen en 'n groot Kovsie-inkopiesak met komplimente van Castle Lager ontvang.

Vir oud-Kovsies in die Verenigde Koninkryk was dié reünie 'n geleentheid om te hoor van die UV se prestasies, transformasie én met vriende wat hulle maande en selfs jare gelede laas gesien het, te kuier. Sommige het na afloop van die reünie nog deur die nag gekuier by die Moedersokkie wat ook by Zulus gehou is.

Al die oud-Kovsies wat die reünie bygewoon het (jonger, minder jonk, ernstiger en vroliker) was dit eens dat indien jy een maal op die Bult klasgedraf, aan sport deelgeneem of gekuier het – dit nie saak maak waar in die wêreld jy is nie – jy bly altyd 'n Kovsie.

- Die Universiteit van die Vrystaat wil hiermee ook graag sy dank uitspreek teenoor Suid-Afrikaanse Brouerye, en spesifiek aan SAB se handelstreekbestuurder, Willem van Huyssteen, wat deur 'n borgskap dié reünie vir die derde agtereenvolgende jaar moontlik gemaak het.







Prof. Teuns Verschoor (foto links) hou oud-Kovsies aan die lag met sy kwinkslae. Op die ander fotos is van die ander gaste wat die reünie in Londen bygewoon het.


# ruk weer op



'n Groot borgskap van SAB het die reünie in Londen moontlik gemaak. Hier is van links Willem van Huyssteen (Suid-Afrikaanse Brouerye Streekshandelsbestuurder), Jeannette Jansen (UV-Bemarking) en De Wet Ras (UV-Bemarking).



Monte Pienaar en Mia Aucamp (vorige Alumni-takvoorsitter).



Anli Bosman (nuwe Alumni-takvoorsitter) en Anton van Geest.

### Alumni on the move

## Johan Willemse aangewys as Ekonoom van die Jaar

Oud-Kovsie dr. Johan Willemse is vanjaar aangewys as Media24 se Ekonoom van die Jaar in 'n strawwe kompetisie waaraan topekonome deelneem.

Willemse sê dié aanwysing is vir hom 'n geweldige eer. Hy sê hy het soms snags wakker word en wonder of daar nie iewers 'n fout met sy berekeninge en vooruitspellinge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie ingesluip het nie. Hoewel hy altyd probeer om sy werk goed te doen, is daar tog tye wat 'n mens teen die stroom opswem. Hy sien die toekenning as bewys daarvan dat harde werk beloon word: "Doen jou ding, doen dit reg en uiteindelik sal jy resultate sien."

Willemse sê die eienskap wat hom as ekonoom onderskei, is sy vermoë om onafhanklik te dink en voeg by dat sy alma mater 'n groot rol gespeel het om hom te leer om krities te dink. "Die UV het daarin geslaag om sy karakter te behou te midde van transformasie. Dis nie 'n kwessie van getalle jaag nie."

Hy het in 1978 die graad M.Com. (Ekonomie) aan die UV verwerf. In 1994 het hy 'n Ph.D. in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria voltooi waarvoor hy die Proteïen-navorsingstrust se prys vir die beste Ph.D. ontvang het. Hy was ook by die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en later by die Mielieraad as hoofekonoom werksaam. Sy maatskappy, Johan Willemse en Kie, spesialiseer in die markvoorspellings en ontledings van agri-besighede.



Dr. Johan Willemse.

Wanneer sy druk program dit toelaat, klim hy en sy vrou op hulle Harley Davidson-motorfietse en vat die lang pad. Daarvoor gaan daar voorlopige nie veel tyd wees nie. "Soveel meer mense gaan nou met 'n vergrootglas na my werk kyk."

## Koop nou Eeufeeswyn

Hier is 'n kans wat 'n mens nie deur jou vingers moet laat glip om nog 'n glasie op die UV se volgende eeu te klink. Kovsie-alumni Trust het 'n rooiwyn (shiraz/cabernet sauvignon-versnit) en 'n witwyn (blanc de blanc) teen R60 beskikbaar. Wit Muskadel is teen R25 per bottel beskikbaar. Hierdie wyn is met 'n goue medalje bekroon. Die wyne is van die Landzicht Wynlandgoed by Jacobsdal.
Kontak Elana de Lange by UV-Bemarking, tel. 051 401 9353, faks. 051 401 3758.



## So hou Kimberley reünie




Mariette en Jorrie Jordaan by die Kimberley Reünie. Jorrie is die Kimberley-takvoorsitter.



Kimberleyse oud-Kovsies het op 13 Augustus saamgetrek vir 'n groot reünie. Hier is Grace Stander, Marcia Solomon en Mary Kleyms.

# **Karee** wys hoe dit gedoen moet word

Karee het op 13 Augustus een van die grootste reünies nog op kampus gehou. Meer as 200 ou Karee-manne het die reünie bygewoon en 600 mense het vir die dinee in die Callie Human saamgetrek. Op die foto is van die primes wat Karee al gehad het byeen om die dag te geniet.




# Deur **Alumni-bond** vereer



Die Kovsie-Alumnibond het vanjaar drie mense vir hul prestasies en bydraes tot die Universiteit van die Vrystaat vereer. Hier is van links mnr. Coenie de Villiers, wat 'n Cum Laude-toekenning ontvang het, me. Antjie Krog, wat as Oud-Kovsie van die Jaar aangewys is, en prof. Nico du Plessis, voorsitter van die Kovsie-Alumnitrust, met die toekenning van mnr. Gert Grobler, Suid-Afrika se ambassadeur in Spanje, wat nie by die toekenningsgeleentheid op 15 Oktober 2004 kon wees nie.

# UV trek voordeel uit eksklusiewe kredietkaart

Elke keer wanneer jy met jou Kovsie-Alumni-kredietkaart koop, kry die Universiteit van die Vrystaat 'n deel van die besteding – sonder dat dit jou 'n sent kos.

ABSA het vanjaar 'n tjek van R30 688,88 aan die UV oorhandig. Dit is 'n persentasie van die omset wat oud-Kovsies op hul ABSA Kovsie-Alumni-kredietkaarte bestee het.

Die Kovsie-Alumni-kredietkaart word eksklusief aan oud-Kovsies beskikbaar gestel. Dié kaart bied al die voordele wat normaalweg vir kredietkaarte geld. Die voordeel van die ABSA Kovsie-Alumni-kredietkaart is egter dat elke keer as 'n oud-Kovsie die kaart vir 'n aankoop gebruik, ABSA 'n persentasie van die transaksiebedrag aan die UV skenk – sonder dat dit die oud-Kovsie 'n sent kos!

Indien jy 'n ABSA-kredietkaart het en eerder 'n oud-Kovsie-kredietkaart wil hê, kan jy van jou gewone kredietkaart na dié spesiale kredietkaart oorskakel sonder enige koste. Vir dié oud-Kovsies wat vir goue ABSA-kredietkaarte kwalifiseer, is daar ook goue Kovsie-kredietkaarte wat jou al die voordele van 'n goue kaart bied.

Die Kovsie-kredietkaart is boonop baie mooi met die Hoofgebou op die voorkant.

Kry jou kredietkaart sommer vandag nog deur Jacques by 082 452 7502 te skakel.

Vorms is ook beskikbaar by Jeannette Jansen (051 401 3594).




Vanjaar se skenking is ontvang deur prof. Nico du Plessis (regs) van die Kovsie-Alumnibond. By hom is van links dr. Ivan van Rooyen (Hoof: UV-Bemarking), mnr. Jacques Smith (ABSA Sentrale Streekbestuurder: Kaarte) en dr. Ezekiel Moraka (Vise-rektor: Studentesake aan die UV).

## Avontuur en ekspedisieklub kry weer lewe

Die Momentumklub, wat in 1958 gestig is en 'n paar jaar gelede doodgeloop het, het vanjaar weer met nuwe lewe weggespring. Dit is op 21 Mei 2004 herstig met Gerrit van der Merwe as voorsitter.

Die klubbestuur het baie planne en het reeds uitstappies en staptogte begin organiseer. Kontak Gerrit van der Merwe by 072 431 7153, of Mercia Coetzee by coetzeee.hum@mail.uovs.ac.za, tel: +27 (0)51 401 2872 of faks: +27 (0)51 401 3218.



Bloemfonteinse oud-Kovsies het in Junie saam na Matthys Roets en Juanita du Plessis in die Sand du Plessis-teater gaan luister en na die tyd gesellig saam gekuier. Van links is Emsie Muller, Piet Wille, Dalmarie van Zyl en Matthys Roets.

# Bly maar lekker om die Pukke te klop!

**Die van julle wat dalk met 'n Pukkie getroud is moet maar hierdie uitgawe van die Bult agter die bult gaan bêre, of in die kleinste plekkie in die huis**

Ek gaan oor intervarsity skryf en dit gaan vir sommige mense baie pynlik wees!

Nou ja, laat ek dit maar sê en dit hard sê: Daar kan darem min dinge in die lewe wees wat lekkerder is as om die Pukke ore aan te sit op die rugbyveld! Die lekkerste is natuurlik om hulle daar op daai vaal gras van Olienpark stil te speel, maar Bloem is amper net so lekker. Hierdie jaar het ons hulle twee keer gebêre en ek het persoonlik belewe hoe ons hulle op Tuks se heiligdom in Pretoria met 29-28 geklop het nadat ons 6 minute voor die einde nog met 28-17 agter was.

Amper so onmoontlik as daai jaar toe Louis Boje daai monster van 'n strafskop in beseringstyd oorgeklits het – 'n skop wat selfs vir De Wet Ras jaloers sou gemaak het.

Maar nou ja, soos ons almal weet, gaan interver (soos vandag se studente die geleentheid noem) oor veel, veel meer as die hoofwedstryd. En nêrens in die land het daar nog so 'n volbloed tradisionele interver oorgebly as die Kovsie-Puk ene nie.

'n Interver is mos nie 'n interver as jy nie anderkant toe kan toer nie. Ons het in my eerste jaar met wyle Schalk du Toit se rooi Volla Potch toe gery, maar op een of ander manier langs die Valsrivier in Kroonstad beland waar ons onder meer gebraai het en ek kan nie onthou wat nog nie. (Dit was so die Donderdag voor die interver.)

Ou Schalk wat met krukke deur die lewe moes gaan, se karretjie het sulke handkontroles gehad wat net hy kon werk. Toe ou Schalkies dus skielik omval en bly lê, het daar 'n krisis op ons neergedaal, want niemand kon daai Knikkop-karretjie bestuur nie. Die uwe moes toe die ratte en remme probeer ontrafel omdat ek kastig die meeste saam met ou Schalk gery het en so 'n uur later is ons toe daar weg met die eienaar van die Volla in 'n verswakte toestand agterin en ek agter die stuur oppad Potch-dam toe.

Dit was een van daai tipiese intervers waar die besoekende span tot en met rustyd hulle eie spelers gereeld moet omdraai sodat hulle in die regte rigting kan speel. Jammer Ma!

In die sestigerjare was die grootste nuus oor interver wie nou weer wie se rasieleier ontvoer het. Soos Daan Smuts, wat in 1968 ontvoer is en toe deur Piet Haasbroek en Kierie Strydom in Potch ontset is met 'n Ford Fairlane. Of Frans Stroebel wat hom voorgedoen het as Daan en toe deur die selfvoldane Pukke kaalgeskeer is en so Daan se kapsel gered het. In 1972 was Daan ons gasdirigent toe ons daar in daai afgeskorte deeltjie daar op die suidelike pawiljoen gesit en ons eie interver gehou het.

Dis die dag toe ou Dave (sy van word weerhou weens moontlike regsaksies) afgehardloop het veld toe toe sy kamermaat, Die Mens Koch, 'n drie druk. Hy het met 'n speenvark wyn op die bo-punt van die fietsrybaan begin val en toe hy onder kom, makeer daai karba niks, maar Dave moes steke kry! Ja mense, so was dit!




En vandag? Dis eens so lekker! 'n Lid van my eie bloedfamilie (naam verswyg om dieselfde redes) het hierdie jaar die Pukke met 'n geleende spietkopuniform op die Bultfonteinpad gaan voorlê.

So niks het verander nie.'n Interver is steeds nie jou tipiese akademiese geleentheid nie en die Pukke sukkel steeds om die hoofwedstryd te wen.



# Trust groei stewig

## Goue donateurs

362. Dr Berry Berry, Dermatoloog, Steiltes
655. Dr Wynand Louw, Fisikus, Lydiana
697. Mnr Martin van Staden, Wetenskaplike/Fisikus, Pretoria
698. Me Carli Theron, Fisioterapeut, Pretoria
699. Mnr Hugo Stark, Bankamptenaar, Hennopspark
700. Adv Chris Roodt, Advokaat, Bryanston
701. Mnr Karel Oberholzer, Bestuurder, Centurion
702. Mnr Frans Kampman, Vervoerkontrakteur, Pierre van Ryneveldt
703. Dr Hugo J. van Rensburg, Geohidroloog, Faerie Glen
704. Mnr Alwyn Henning, Geoloog, Centurion
705. Mnr Christo Fouché, Kliëntebemarkingsbestuurder, Honeydew
706. Mnr Jaco Beeslaar, Bouaannemer, Strubensvalley
707. Mnr Jaco Badenhorst, Besigheidsontwikkelingsbestuurder, Karen Park
708. Mnr Jan Pieterse, Bemarkingsbestuurder, Erasmusrand
709. Mnr Herman Goosen, Advokaat, Pretoria
710. Mnr Andries Wilke, Geohidroloog, Sunninghill Park
711. Mnr Francois Marais, Direkteur: UV, Bloemfontein
712. Mnr Hendrik Smith, Landbounavorser, Pretoria
713. Mnr Chris Stander, Verteenwoordiger, Lyttleton Manor
714. Mnr Ben Louw, Verteenwoordiger, Faerie Glen
715. Mnr Pierre Joubert, Tegniese Adviseur, Irene
716. Me Ilse Schürmann, Projekbestuurder, Randburg
717. Dr JP Jooste, Algemene Praktisyn, Newville
718. Dr André Burger, Internis, Rustenburg
719. Mnr Johan Bester, Sakeman, Moedwill
720. Mnr Frik Beeslaar, Mediese Fisikus, Garsfontein
721. Mnr Francois Alberts, Belastingadviseur, Linden
722. Mnr Gerrie Coetzee, Ouditeur, Pretoria
723. Mnr Nic Greyling, Bestuurder, Menlopark
724. Mnr Dudley Holmes, Finansiële Adviseur, Jukskei Park
725. Mnr Bertus Krüger, Akkerboukundige, Emmarentia
726. Mnr Charl Lochner, Prokureur, Magalieskruin
727. Mnr Kobus Nell, Finansiële Assistentbestuurder, Bryanston
728. Mnr Pieter Strydom, Finansiële Adviseur, Rustenburg
729. Mnr Johan van Wyk, Sakeman, Menlopark
730. Mnr Pieter van Zyl, Streeksbestuurder, Braden Gardens
731. Mnr Anton Redelinghuys, Bestuurder, Emmarentia
732. Dr Dave Fourie, Algemene Praktisyn, Nelspruit
733. Mnr Stanley de Wit, Adjunkdirekteur, Moreletapark
734. Mnr Pieter Smit, Sakeman, Bloemfontein
735. Me Carien Nefdt (Née Beukes), Sekretaresse, Bronberrik
736. Mnr Herman Meets, Sakeman, Wierdapark-Suid
737. Mnr Nico de Klerk, Konsultant, Erasmusrand
738. Me Elaine Greyvenstein (Née Dickson), Rekenmeester, Centurion

## Ere-stigtersdonateurs

Stigtersdonateurs wat met hulle ondersteuning die Kovsie-Alumni Trust tot groot hoogtes help dra het, het spontaan hulle verdere ondersteuning aan die Trust gegee nadat hulle finansiële verpligtinge afgehandel is. Hier volg 'n lys van bestaande Stigtersdonateurs wat weer 'n verbintenis van R5 000 tot die Trust gemaak het se name om dan te kwalifiseer as Ere-stigtersdonateurs. Die voorsitter van die Kovsie-Alumni Trust, prof Nico du Plessis, nooi alle reeds bestaande Stigtersdonateurs uit om ook op dié wyse die Trust verder te ondersteun om òf 'n Ere-stigtersdonateur òf 'n goue donateur te word:

## Prestige donateurs

88. Mnr Le Bey McCallaghan, Streeksrekeningebestuurder, Pretoria
156. Me Riana Peens, Finansiële Adviseur, Queenswood
160. Dr Lize Maree, Departementshoof, Groenkloof
756. Mnr Anton Nel, Rekenmeester, Centurion
757. Mnr Jannie Moolman, Sanger, Linden
758. Me Dale Joynt, Produkbestuurder, Bedford Gardens
759. Mnr Robert Crockart, Verkoopsdirekteur, Kempton Park
760. Mnr Johann Swiegers, Handelaar, Randburg
761. Mnr Koos Smit, Ekoloog, Sinoville
762. Dr Francois van Zyl, Rumatoloog, Lyttleton
763. Mnr Willie vd Linde, Finansiële Bestuurder, Valeria
764. Dr Braam Nieuwoudt, Algemene Praktisyn, Centurion
765. Dr Susan Wright, Dosent/Navorser, Swavelpoort
766. Dr Corrien van Belkum, Lektor, Waterkloofrif
767. Mnr AJ Smith, Besturende Direkteur, Centurion
768. Mnr Janna Fouché, Sakeman, Rustenburg
769. Mnr Nico Esterhuyse, Prokureur, Rustenburg
770. Adv Hennie de Vos SC, Advokaat, Waterkloof
771. Mnr Kenneth en me Elsabé Botha, Tegniese Bestuurder, Wierdapark
772. Dr Marelise Coertze, Algemene Praktisyn, Rustenburg
773. Mnr Lukas Steyn, Finansiële Bestuurder, Rustenburg
774. Mnr Pieter Bosman, Sakeman, North Riding
775. Mnr Nick van Niekerk, Ouditeur, Bloemfontein
776. Dr Rachel Bouwer, Algemene Praktisyn, Kuruman
777. Mnr Johan Schoon, Prokureur, Vryburg
778. Dr Chris Liebenberg, Boer/Politikus, Kimberley
779. Mnr Albert van Zyl, Sakeman, Bloemfontein
780. Mnr Rudolf Bitzer, Argitek, Westhoven
781. Mnr George Goodes, Prokureur, North Riding
782. Mnr Gerhardt van Heerden, Besturende Direkteur, Parklands
783. Mnr Etienne van Niekerk, Streekslanddros, Randfontein
784. Mnr André Vorster, Data-analis, Johannesburg
785. Mnr Alwyn Vorster, Bemarker, Cresta
786. Prof Johan Henning, Dekaan:Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
787. Mnr Arno vd Heever, Ouditeur, Centurion
788. Mnr Harold Boucher, Sakeman, Krugersdorp-Wes
789. Dr Sarita Retief, Onkoloog, Nelspruit
790. Mnr Gerhard Snyman, Sakeman, Queenswood
791. Mnr Gerhard Jooste, Argitek, Nelspruit
792. Mnr Pietman Lourens, Prokureur, Witrivier
793. Mnr Johan Pretorius, Boer, Nelspruit
794. Adv André Burger, Advokaat, Bloemfontein
795. Mnr Louw Conradie, Areabestuurder, Moreleta Plaza
796. Mnr Poen de Bruin, Rekenmeester, Bloemfontein
797. Mnr Louis Nell, Ouditeur, Bryanston
798. Dr Stefan Pretorius, Algemene Praktisyn, Glenstantia
799. Mnr Riaan van Schoor, Streeksbestuurder, Wierdapark-Suid
800. Mnre FP Greeff & JA du Plessis, Sakemanne, Bloemfontein

## Platinum donateurs

116. Dr Ewan Verster, Pediater, Weltevreden Park
117. Mnr Louwrens Smith, Finansiële Adviseur, Kosmos
118. Adv Johan Kilian, Advokaat, Benmore
119. Mnr Len Grobbelaar, Operasionele Bestuurder, Bon Accord
120. Mnr Braam Els, Finansiële Adviseur, Garsfontein-Oos
121. Mnr Kobus van Wyk, Besigheidsontwerpintegreerder, Fontainebleau
122. Mnr Conrad Weiss, Prokureur, Rustenburg
123. Mnr Jan du Raan, Ontwikkelaar, Die Wilgers
124. Mnr Makwas vd Walt, Area-verkoopsbestuurder, Rustenburg
125. Mnr Philip Mostert, Sakeman, Rustenburg
126. Adv Graham Bester, Advokaat, Pretoria
127. Mnr PA du Bruyn, Bourekenaar, Highveld
128. Regter Ian vd Merwe, Regter, Bloemfontein
129. Mnr Fanie van Zyl, Prokureur, Randburg
130. Mnr Carel Cornelissen, Prokureur, Parklands
131. Mnr Attie du Plessis, Likwidateur, Fontainebleau
132. Mnr Marthinus Havenga, Bankier, Wilropark
133. Mnr Job Steyn, Bourekenaar, Nelspruit
134. Mnre Paul Zietsman & Andries Spangenberg, Regsadviseurs, Bloemfontein

## Diamant donateurs

30. Me Esmé Theron, Finansiële Dienste, Queenswood
43. Mnr Steyn Fourie, Sakeman, Cramerview

Permit Mail
P0001 74C
100+
UV-UFS
SOUTH AFRICA



Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

1904

# Universiteit van die Vrystaat

# University of the Free State

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT • UNIVERSITY OF THE FREE STATE • YUNIVESITHI YA FREISTATA

IN DEO SAPIENTIAE LUX